

Die Redakteurs, Beeld en Rapport. NG Kerk Predikante, gemeentelede asook verskeie ander belanghebbendes. Gedateer 2007-09-27

Hoe sal ons nou die Trojaanse Perd fnuik en buite die poorte verbrand?!

Deur Danie Strydom

Opvolg van: Die spreekwoordelike Trojaanse Perd en die NG Kerk

Die tyd het gekom dat ons reguit met mekaar praat, die toestand van ons land behoorlik omskryf en die antwoorde in die Woord van die Here soek. Hoe klink dit as iemand die waarheid praat, hoe diep is die indringers al binne in die midde en wie het die moed om hulle te verwyder en die regte dinge te doen om ons weer op dreef te kry?! Hoe lank sal ons nog toelaat dat die wat van beter behoort te weet, net so voort ploeter en die Trojaanse Perd binnenui terwyl hulle dit buite die poorte moes verbrand het?

1. Dit is belangrik wat ons sê. Hoe toets ons die indringers? Sjobbolet was die uitspraak van die goeie ouens en Sibbolet die uitspraak van die indringers! Dit is baie naby aan mekaar, net soos vandag. Daar is egter net een regte uitspraak! Hulle sal baie woorde hê wat so reg klink, maar luister en toets mooi. Baie ironies dat hulle almal Israëliete was. Hier is baie wat hulle Christene noem maar laat hulle net 'n bietjie praat.

Rigters 12:1 En die manne van Efraim is saamgeroep en het oorgetrek na Safon toe en vir Jefta gesê: Waarom het u deurgetrek om teen die kinders van Ammon te veg en óns nie geroep om saam met u te trek nie? Ons sal u huis bo u met vuur verbrand.

Rigters 12:2 Maar Jefta sê vir hulle: Ek en my volk het 'n hewige twis met die kinders van Ammon gehad, en ek het julle opgeroep, maar julle het my nie uit hulle hand verlos nie.

Rigters 12:3 En toe ek sien dat jy nie help nie, het ek my lewe gewaag en deurgetrek na die kinders van Ammon; en die HERE het hulle in my hand gegee. Waarom het julle dan vandag teen my opgetrek om teen my oorlog te voer?

Rigters 12:4 Daarop versamel Jefta al die manne van Gilead om teen Efraim te veg; en die manne van Gilead het Efraim verslaan, omdat hulle gesê het: Julle, Gileadiete, is vlugteling van Efraim, in die midde van Efraim en Manasse.

Rigters 12:5 En Gilead het die Efraimiete van die Jordaan-driwwe afgesny; en as die vlugteling van Efraim sê: Ek wil deurgaans--dan vra die manne van Gilead vir hom: Is jy 'n Efraimiet? As hy sê: Nee,

Rigters 12:6 dan vra hulle hom: Sê bietjie: **Sjobbolet!** En as hy sê: **Sibbolet!** en nie ag gee om dit reg uit te spreek nie, dan gryp hulle hom en maak hom by die Jordaan-driwwe dood. So het daar dan in dié tyd van Efraim twee en veertig duisend man geval.

2. Wat sê iemand rondom die gesag van die Skrif? Die maagdelike geboorte. Die vleeslike opstanding. Waar staan iemand rondom die homoseksualiteit kwessie? Dan die evolusie kwessie. Sal ons aanhou dat hulle alles opdis soos hulle wil of sal ons onderskeiding hê op grond van die Woord van God en leiding deur Sy Gees? Gelukkig vir hulle neem ons vandag die Swaard (Bybel) op teen hulle maar ongelukkig het dit vir hulle dieselfde uitwerking as toe. As ons ernstig is met die Woord van die Here sal ons sien dat Hy ons voorberei het deur die voorbeeld van die manne van ouds.

Hebreërs 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Psalm 149:5 Laat die gunsgenote juig in heerlijkheid; laat hulle jubel op hul bedde.

Psalm 149:6 Lofverheffing van God is in hulle keel, en 'n tweesnydende swaard in hulle hand;

Openbaring 1:16 En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.

Openbaring 2:12 En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dít sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het:

Dit is skrikwekkend om te dink dat dit Hy is wat die tweesnydende swaard stuur! God het reeds gesê wat reg en verkeerd is in Sy Woord.

Job 12:11 Moet die oor nie woorde toets soos die verhemelte spys proe nie?

3. Wat is dit wat nou gedoen moet word?
Dit is vir my duidelik dat ons voor min of meer dieselfde situasie staan as wat Nehemia en Esra gestaan het met die herbou van die mure van Jerusalem en die tempel.
- Nehemia 2:17** Daarop sê ek vir hulle: Julle sien die nood waar ons in is, dat Jerusalem woes lê en sy poorte met vuur verbrand is; kom, laat ons die muur van Jerusalem opbou, dat ons nie langer 'n voorwerp van smaad kan wees nie.
- Nehemia 2:18** En ek vertel hulle van die hand van my God wat goed was oor my, en ook van die woorde van die koning wat hy my gesê het. En hulle sê: Ons sal ons klaarmaak en bou! En hulle het hulle hande sterk gemaak vir die goeie werk.
4. Die vraag is nou net wie sien die simboliek raak, dat dit maar bra woes lyk om ons en dat ons poorte met vuur verbrand is? Wie het dan die nodige dryf om saam te werk en die mure op te bou? Ons het mense nodig om saam met ons te loop, maar die regte mense! Saam met wie werk en loop ons? Wie moet vermy word?

Nehemia 2:19 Maar toe Sanbállat, die Horoniet, en Tobía, die Ammonitiese kneg, en Gesem, die Arabier, dit hoor, het hulle ons bespot en ons verag en gesê: Wat is dit vir 'n ding wat julle doen? Wil julle teen die koning rebelleer?

Nehemia 2:20 Toe antwoord ek hulle en sê vir hulle: Die God van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk, en ons, sy knegte, sal ons klaarmaak en bou; maar julle het geen deel of reg of gedagtenis in Jerusalem nie.

5. Almal het kom help bou toe hulle sien in watter toestand dinge was. Let wel dit het iemand geneem om dit uit te wys! Daar was egter 'n paar vername manne van een groep wat nie kom bou het nie, klink nogal bekend nie waar nie. Die wat moet kom bou staan net rond en is so besig om hulle besighede te bou dat hulle nie hul kant bring nie! Dan aan die ander kant sit ons met die Trojaanse perd wat opgesaal is wat net wil in!

Nehemia 3:5 En naas hulle het die Tekoiete herstel; maar hulle vername manne het hulle nek nie gebuig onder die diens van hulle HERE nie.

6. **Sal** ons gereed wees en wagte uitsit teen die vyand en die Trojaanse Perd?! Al hoe ons hulle sal kan sien is as ons hulle kan toets aan die Woord van die Here.

Nehemia 4:7 Maar toe Sanbállat en Tobía en die Arabiere en die Ammoniete en die Asdodiete hoor dat die verbetering aan die mure van Jerusalem vorder, dat die skeure begin toeraak, het hulle baie kwaad geword.

Nehemia 4:8 En hulle het almal met mekaar 'n sameswering gesmee om teen Jerusalem te gaan veg en daar verwarring te stig.

Nehemia 4:9 Maar ons het tot onse God gebid en om hulle ontwil 'n wag teen hulle uitgesit, dag en nag.

7. Hierdie is heelwaarskynlik een van ons grootste probleme. Ons is mos nie meer gewoond om te veg nie en vertrou sommer enige ou wat in die naam van Christen nader kom. Ons moet maar gereed wees om die insypelaars met verskuilde agendas uit te wys en teen te staan.

Wees maar verseker dat hulle reeds uitgestuur is en in ons midde is. Sal ons wakker genoeg wees om hulle uit te ken en dienooreenkomstig mee te handel? Sal ons die Trojaanse Perd betyds identifiseer en verbrand! Sekuur en vinnig.

Nehemia 4:11 En ons teëstanders het gesê: Hulle mag niks weet en sien nie totdat ons tussen hulle inkom en hulle doodslaen en 'n einde maak aan die werk.

8. Dit het tyd geword dat almal geleer word om die wapen (Woord) te kan gebruik. Dit is slegs moontlik as mense behoorlik opgevoed word in die Woord van God.

Nehemia 4:16 En van dié dag af was die helfte van my mense besig met die werk, en die ander helfte het die spiese en die skilde en die boë en die pantsers gehou, terwyl die owerstes agter die hele huis van Juda gestaan het.

Nehemia 4:17 Van die bouers aan die muur het die lasdraers hulle werk so gedoen dat hulle met die een hand die werk verrig het, terwyl die ander hand die werpspies vashou,

Nehemia 4:18 en die bouers het elkeen sy swaard aan sy heupe gegord en gebou, terwyl die basuinblaser by my gestaan het.

Nehemia 4:19 En ek het aan die edeles en die leiers en die ander mense gesê: Die werk is groot en uitgestrek, en ons is uitmekaar op die muur, die een ver van die ander af.

9. Daar sal bymekaar gestaan moet word. Dit is net moontlik as ons seker is waarvoor ons staan. Sal ons kan staan vir die Woord van God en vir ons mense?

Nehemia 4:20 Op die plek waar julle die geluid van die basuin hoor, daar moet julle by ons bymekaarkom; onse God sal vir ons stry.

Nehemia 4:21 En ons het die werk gedoen, terwyl die helfte van hulle die spiese vashou vandat die rooidag uitkom totdat die sterre verskyn.

Nehemia 4:22 Ook het ek in dié tyd aan die volk gesê: Elkeen moet met sy kneg binnekant Jerusalem vernag, sodat hulle vir ons in die nag 'n wag kan wees en oordag 'n werkkrag.

Nehemia 4:23 Maar ek self en my broers en my mense en die manne van die wag wat my gevolg het, het nooit ons klere uitgetrek nie--elkeen met sy wapen en water.

10. Die stryd wat gestry word toon baie ooreenkomste met ons situasie soos dit weer hier uitgewys kan word. Daar sal heelyd gepoog word om die werk wat gedoen moet word te vertraag. Sal ons God vra om die hande te versterk en nie toe te laat dat ons aandag verdeel word nie? Ons sal ook mekaar se hande moet versterk en mense afsonder om spesifiek gefokus te bly op hierdie aanslag teen die bouwerk, terwyl ander bou. Of dit nou die Kuratorium of die Sinode is. Spangenberg, Spong, Le Roux, Müller, Human, Bartlett ens, moenie deur hulle en hulle twak van stryk gebring word nie. Fokus op dit voor hande!

Nehemia 6:1 En toe Sanbállat en Tobía en Gesem, die Arabier, en ons ander vyande verneem dat ek die muur gebou het en dat daar geen skeur in oorgebly het nie, alhoewel ek tot dié tyd toe geen deure in die poorte gesit het nie,

Nehemia 6:2 laat Sanbállat en Gesem my weet: Kom laat ons bymekaarkom in een van die dorpe, in die laagte van Ono; maar hulle het gemeen om my kwaad aan te doen.

Nehemia 6:3 Toe stuur ek boodskappers na hulle om te sê: Ek doen 'n groot werk, sodat ek nie kan afkom nie. Waarom moet die werk ophou sodra ek dit verlaat om na julle af te kom?

Nehemia 6:4 Nog vier keer het hulle op dieselfde manier na my gestuur, en ek hulle op dieselfde manier geantwoord.

Nehemia 6:5 Daarop stuur Sanbállat op dieselfde manier vir die vyfde keer sy dienaar na my met 'n ope brief in sy hand.

Nehemia 6:6 Daarin was geskrywe: Die gerug gaan rond onder die volke, en Gasmu sê: Jy en die Jode is van plan om te rebelleer; daarom bou jy die muur, en jy sal hulle koning word -- dergelike dinge.

Nehemia 6:7 Ook het jy profete aangestel om van jou in Jerusalem uit te roep en te sê: Koning in Juda! En nou, sulke dinge sal deur die koning gehoor word; kom dan nou en laat ons saam beraadslaag!

Nehemia 6:8 Maar ek het hom laat weet: Daar het nie sulke dinge gebeur as dié waar jy van spreek nie, maar jy het dit self versin.

Nehemia 6:9 Want hulle almal wou ons bang maak en het gedink: Hulle hande sal die werk laat lê, sodat dit nie gedoen word nie. Versterk dan nou my hande!

11. Sal die samekoms van gelowiges herstel kan word sodat die Liggaam van Christus nie verder verwaarloos word soos tans die geval is nie?

Nehemia 10:39 Want in die kamers moet die kinders van Israel en die kinders van Levi die offergawe van koring, mos en olie bring, omdat die gereedskappe van die heiligdom en die diensdoende priesters en die poortwagters en die sangers daar is; want ons wou die huis van onse God nie laat verwaarloos nie.

Die belangrikheid van alle gelowiges in die liggaam moet nie onderskat word nie en almal is bruikbaar as hulle hul gereinig het!

2 Timotheüs 2:19 Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid.

2 Timotheüs 2:20 Maar in 'n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en erdewerk; en sommige tot eer, maar ander tot oneer.

2 Timotheüs 2:21 As iemand hom dus hiervan deeglik reinig, sal hy 'n voorwerp tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk.

Daar is verskillende rolle om vervul te word. Kom laat ons dit doen.

Romeine 12:4 Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie,

Romeine 12:5 so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar.

12. Nehemia het nie gekroom om vir Tobia uit te gooi nie, ironies dat dit die Hoëpriester was wat hom daar in die voorhove van die tempel ingekry het.

Nehemia 13:7 en na Jerusalem gekom. Toe het ek die kwaad opgemerk wat Éljasib gedoen het deur vir Tobia 'n kamer in die voorhove van die huis van God in te rig.

Nehemia 13:8 En ek was erg ontstemd, sodat ek al die huisraad van Tobia uit die kamer buitentoe gegooi het,

Nehemia 13:9 met die bevel dat hulle die kamers moes reinig; en ek het die gereedskappe van die huis van God, die spysoffer en die wierook daarin teruggebring.

13. Kyk maar na die skade wat Isébel die volk van die Here aangedoen het. Sy het ook gesorg dat Nabot sterf vir sy wingerd, wat Agab in die oog gehad het. Elía moes ook vir sy lewe vlug. Pasop vir die manifestasie van die gees van Isébel, dit is waarom sy in dié konteks in Openbaring genoem word! Haar tafel is gedek, behoed die wat aan haar tafel sit asook die wat haar toelaat om dit te doen.

Die Trojaanse Perd is opgesaai! Sy dis haar leer op en onskuldige mense word uitgelewer sonder om iets te vermoed. Baie interessant dat van die wat met haar owerspel pleeg in 'n groot verdrukking gewerp word as hulle hulle nie bekeer nie.

Baie tipologies siende dat die 5 maagde nie gereed was vir die bruidegom se terugkeer nie. Laat ons tog die olie skeep terwyl dit beskikbaar is en nie dwaas blyk te wees as die tyd kom nie.

Openbaring 2:19 Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.

Openbaring 2:20 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

Openbaring 2:21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

Openbaring 2:22 Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

Openbaring 2:23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

14. Laodicense wat lou was en uitgespuug word sluit aan by die simboliek van die problematiek rondom oordrewe gerustheid, veral in die laaste dae. Die taal van die laaste dae, wat baie as gevolg van hul beperkte verstaan van die Eskatologie en Hermeneutiek nie begryp nie. As jy nie uit die Skrif die moontlikheid kan sien dat jy kan wegval nie, sal jy nie versigtig genoeg wees nie!

Openbaring 3:14 En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:

Openbaring 3:15 Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!

Openbaring 3:16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.

In Matteus 24 waarsku die Here self ten opsigte van die feit dat ons versigtig moet wees dat ons nie mislei word nie. Sien tog die Trojaanse Perd vir wat dit is!

Mattheüs 24:4 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.

Mattheüs 24:12 En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die **liefde (Agapé)** van die meeste verkoel.

Die wêreld kan tog nie Agapé hê nie.

15. Wees verseker dat ons baie versigtig moet wees met wie ons saamwerk. Daar is sekere mense wat in die gedaante van wolwe hulle indring tussen ons, wat duidelik word as ons toets wat hulle sê en waarvoor hulle staan.

Dit is duidelik dat van hulle ongelowig geword het nadat hulle die eerste beginsels verlaat het volgens Hebreërs 6, anders as wat sekere mense beweer en sou redeneer dat hulle nooit gered was nie. Dit behoort ons tot diepe ontleding van elkeen se teologie te dring.

Dit veral ten opsigte van die wat saam met ons loop of wil loop. Ons beter seker maak dat hulle ware broeders is en dat hulle nie alreeds die pad versaak het en net wag om ons van binne bloot te stel of uit te lewer nie. Kyk maar hoe kan hulle dit doen, jy kan met tye dink dit is mense wat nog nooit van God gehoor het nie. Daar is geen onderskeiding rondom die toepassing van die Woord van God nie, om nie eers te praat van hulle handel en wandel met ander gelowiges nie.

1 Korintiërs 5:9 Ek het julle in my brief geskrywe om nie met hoereerders om te gaan nie--

1 Korintiërs 5:10 dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodediensnaars in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan--

1 Korintiërs 5:11 maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, **al staan hy as 'n broeder bekend**, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodediensnaar of 'n **kwaadspreker** of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.

Ons mag ook nie saam met ongelowiges trek nie. Daar is ongelowiges wat durf 'n opinie lig sonder dat hulle uitgewys word vir wat hulle is en dit nogal tussen ons!

2 Korintiërs 6:14 Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?

2 Korintiërs 6:15 En watter ooreenstemming het Christus met Béliäl, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?

2 Korintiërs 6:16 Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

2 Korintiërs 6:17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

2 Korintiërs 6:18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

16. Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en afvallig geword het weer tot bekering te vernuwe! Hoe tragies dat mense nie beseef dat hulle speel met hulle saligheid wanneer hulle sekere mense akkommodeer nie. Jy nooi die Trojaanse Perd binne, dis dalk die laaste ding wat jy doen!

Hebreërs 6:4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,

Hebreërs 6:5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,

Hebreërs 6:6 en afvallig geword het--om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.

Hebreërs 6:7 Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God.

Hebreërs 6:8 Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking--die einde daarvan is verbranding.

17. Gaan kyk maar hoeveel volgelinge het hierdie mense wat allerhande fabels opdis. Dit is veral die mense wat blootgestel word aan die Charismatiese deel van die spektrum wat hierdie fabels glo.
Wat my diep bekommer is in hoe 'n mate die meer konserwatiewe mense uit die Calvinistiese deel van die spektrum hierdie fabels begin sluk soos opgedis deur Joyce Meyer, Bennie Hinn, Rick Warren, Cindy Jacobs, TB Joshua en meeste van die Charismatiese Predikers op TBN. Hier word nie eers gepraat van Sakkie Spangenberg en vriende se twak nie, want hulle is te ooglopend en glad nie op die speelveld nie al dink hulle die teendeel. Toets gerus met Sjobbolet en sien waarmee sit ons. As die fundamentele beginsels van die Skrif nie ondergrawe word nie is daar 'n sielkundige moeras wat die mens se behoeftes bo alles stel!

2 Timotheüs 4:3 want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,

2 Timotheüs 4:4 en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.

18. Wanneer hulle wat na hierdie mense luister, gekonfronteer word daarvoor, hoor jy dat jy nie die gesalfdes van die Here mag aanraak nie. Watter boek lees hulle? Die Skrif word weer uit konteks aangehaal en hulle vergeet hoeveel plekke in die Skrif die slegte mense juis

uitgewys word. Die gewone uitleg van die Skrif staan hulle nie aan nie en hulle sal die verkeerde persone verdedig. Daar is geen onderskeiding nie want hulle ken nie die Woord van die Here nie.

Jeremia 6:10 Wie sal ek toespreek en waarsku, dat hulle kan hoor? Kyk, hulle oor is onbesnede, sodat hulle nie kan luister nie. Kyk, die woord van die HERE is vir hulle 'n smaad, hulle het daar geen behae in nie.

Daar is geen onderskeiding om te kan sien wie dit nou eintlik is wat tweedrag saai nie!

Romeine 16:17 En ek vermaan julle, broeders, hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle.

Romeine 16:18 Want sulke mense dien nie onse Here Jesus nie, maar hulle eie buik; en hulle verlei deur hul vriendelike en mooi woorde die harte van die eenvoudiges.

19. Daar kom ernstige vervolging van ware gelowiges op die aarde en nie net hier nie. Dit gebeur alreeds oral. Kyk maar net hoe vel is die aanslag teen die Woord van die Here en dit nogal binne die sogenaamde Christendom. Ag nou ja die liewe Skrifuitleg! Dit het nog nie finaal gebeur nie hoor, dit kom nog en dit gaan vel wees soos dit tipologies in die verlede reeds op mikro skale gebeur het. Sal ons tog net besig wees met behoorlike Skrifuitleg, sodat ons die patroon sal kan volg wat deur die Skrif wys op 'n finale klimaks.

Openbaring 17:3 En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings.

Openbaring 17:4 En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pèrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery;

Openbaring 17:5 en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.

Openbaring 17:6 En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.

20. Wie sal nou opstaan en die stryd voer soos manne van ouds en die manne na hulle? Ons herkoms is op die spel, sal ons terugsit en toelaat dat dit net so weggeneem word? Asseblief, laat ons tog die breine aanwend en vir die Here luister!
Wie sal soos Jehu vra: Wie is vir my, wie?
Dit is interessant dat hy hier met Isébel moes handel omdat hy getrou aan die Here was. Haar tafel is reeds gedek en mense eet daar aan haar leer!
Die Trojaanse perd is reeds opgesaal! Sal ons haar toelaat; is die een vraag en die ander is; wie gaan willens en wetens bly eet aan haar tafel en dink hulle gaan die oordeel van God vryspring? God se oordeel kom oor haar en so ook op die wat aan haar tafel geëet het sou hulle hulle nie bekeer van hulle werke nie. Kyk maar hoe lyk die vervolging as jy haar durf uitwys en wys vir wat sy is! Dieselfde vervolging wat Elia en verskeie ander beleef het. Let maar op na die uiteinde van die saak!

2 Konings 9:30 En Jehu het in Jísreël gekom. Toe Isébel dit hoor, het sy haar oë swart vervef en haar hoof versier en deur die venster uitgekyk.

2 Konings 9:31 Terwyl Jehu deur die poort inkom, sê sy: Gaan dit goed, Simri, moordenaar van jou heer?

2 Konings 9:32 En hy het opgekyk na die venster en gevra: Wie is vir my, wie? Toe kyk twee, drie hofdienaars uit na hom;

2 Konings 9:33 en hy sê: Gooi haar af! En hulle het haar afgegooi, sodat van haar bloed teen die muur en teen die perde gespat het, en hy het haar vertrap.

21. Kyk, Ekwerp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie. Die oordeel kom oor haar al lyk dit op die oog af of daar niks fout is nie want sy karring voort! Wee die wat haar toelaat en daar bly eet!

Openbaring 2:20 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

Openbaring 2:21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

Openbaring 2:22 Kyk, Ekwerp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

Openbaring 2:23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke

22. Gaan ons soos Agab wees of soos Jehu. Dit is uiters relevant op ons situasie, veral ten opsigte van die manne wat kniediep in die stryd staan. Dit is vel, maar dit is reeds gewen, ons moet net ons deel daarin voltooi. Sterk staan!

Wee die wat soos Agab haar bystaan en hulle laat verlei!

1 Konings 21:25 Waarlik, daar was niemand soos Agab wat homself verkoop het om te doen wat verkeerd is in die oë van die HERE nie, omdat sy vrou Isébel hom verlei het.

23. Die samewerking tussen die koning van Israel, Agab, en die koning van Juda, Jósafat. Hierdie gedeelte het diep betekenis op verskeie dimensies maar die hoek wat hier uitgelig word, is die gevolge wat die samewerking tussen die slegte koning (Agab) en die goeie (Jósafat) het. Agab wou Jósafat se aansien en ondersteuning hê en toe word Jósafat vir Agab aangesien wat amper tot sy dood lei toe die slegte vir die goeie aangesien word. Die slegte ouens is aan die inbeweeg en ek hoop dat ons wakkerder as Jósafat sal wees en nie eers wakker skrik as ons lewens bedreig word nie. Kyk maar mooi hoe hulle wil saamloop met die goeies, veral as die beweging in die regte rigting begin momentum optel. Die manne wat soos Agab is sal vroegtydig uitgewys en verwyder moet word, veral in die kring van die wat poog om hierdie beweging terug na die Here te stuur.

Vergeet maar van die manne wat nie eers kan sien dat homoseksualiteit sonde is nie. Kyk maar hoe dik gesaai was hulle met die NG Kerk se Algemene Sinode Sitting van 2007. Dit is

onder andere die manne wat nie sal kan saamtrek nie. Absolute aanvaarding van die gesag van die Skrif is die eerste vereiste vir die saamloop. Hulle het dit nie. Ek hoop tog dat hulle hulle sal bekeer en die Skrif korrek sal begin uittê anders het hulle gesag verval.

1 Konings 22:29 En die koning van Israel en Jósafat, die koning van Juda, het opgetrek na Ramot in Gílead.

1 Konings 22:30 En die koning van Israel het vir Jósafat gesê: Ek sal my onkenbaar maak en in die geveg kom; trek ú maar u eie klere aan. So het die koning van Israel hom dan onkenbaar gemaak en in die geveg gegaan.

1 Konings 22:31 En die koning van Aram het aan die owerstes van sy twee en dertig strydwaens bevel gegee en gesê: Julle moet nie klein of groot beveg nie, net die koning van Israel alleen.

1 Konings 22:32 En sodra die owerstes van die waens Jósafat sien, sê hulle: Dit is sekerlik die koning van Israel! En hulle het weggeswaai om teen hom te veg; maar Jósafat het geskreue.

1 Konings 22:33 En toe die owerstes van die waens sien dat dit nie die koning van Israel was nie, draai hulle agter hom weg.

1 Konings 22:34 Toe het 'n man in sy eenvoudigheid die boog gespan en die koning van Israel getref tussen die aanhegels en die pantser. Daarop sê hy aan sy drywer: Ruk om en bring my uit die leër uit, want ek is gewond.

1 Konings 22:35 En die geveg het dié dag toegeneem, terwyl die koning hom staande hou in die strydwa teenoor die Arameërs; maar in die aand het hy gesterwe, en die bloed van die wond het in die wa se bak gevloei.

24. Jósafat leer toe nie sy les nie, selfs al straf die Here hom oor sy samewerking met Agab.

2 Kronieke 19:1 Maar toe Jósafat, die koning van Juda, behoue na sy huis in Jerusalem terugkom,

2 Kronieke 19:2 het die siener Jehu, die seun van Hanáni, uitgegaan hom tegemoet, en aan koning Jósafat gesê: Moet 'n mens die goddelose help, en het u lief die wat die HERE haat? Daarom kom daar nou 'n toorn op u van die HERE.

Hy sluit sowaar weer 'n ooreenkoms met Ahásia, die koning van Israel, wat goddeloos gehandel het. Dit is belangrik dat ons hierdie lesse mooi beskou en toepas in ons handel en wandel. Ons kan nie sommer met enige iemand saamwerk nie. Veral nie wanneer dit gaan oor die Evangelie nie. Ons moet darem dieselfde taal praat; Sjobbolet!

2 Kronieke 20:35 Maar daarna het Jósafat, die koning van Juda, 'n bondgenootskap aangegaan met Ahásia, die koning van Israel, wat goddeloos gehandel het.

2 Kronieke 20:36 En hy het hom as bondgenoot geneem om skepe te bou om na Tarsis te vaar; en hulle het skepe gebou in Éseon-Geber.

2 Kronieke 20:37 Maar Eliëser, die seun van Dódawa, uit Marésa, het teen Jósafat geprofeteer en gesê: Omdat u 'n bondgenootskap met Ahásia aangegaan het, verbreek die HERE u werk. En die skepe het skipbreuk gely, sodat hulle nie in staat was om na Tarsis te vaar nie.

25. Ek weet wat die Woord van die Here sê met betrekking tot die manne wat ongehoorsaam is aan die Here en steeds in die bediening staan! Hulle sal die mense dien maar vir God sal hulle nie dien nie.
Die vraag is nou wie sal soos die Levitiese priesters, die kinders van Sadok, getrou bly aan die Here terwyl daar weggedwaal word van die Here. Dit is min wat getrou sal bly soos die kinders van Sadok en ek sal eerder vir die Here luister en Hom dien as wat ek die mense sal wil dien!
As jy nog steeds dink ons is nog mooi op die pad en ons moet maar net nog 'n bietjie liturgie verander, 'n paar kerse brand of "Purpose Driven" en "Alpha" programme volg; dien maar die mense lekker want jy weet nie meer hoe dit is om God te dien nie!

Esegiël 44:9 So sê die Here HERE: Geen uitlander, onbesnede van hart en onbesnede van vlees, mag in my heiligdom ingaan, van al die uitlanders wat onder die kinders van Israel is nie.

Esegiël 44:10 Maar die Leviete wat ver van My afgewyk het by die afdwaling van Israel, wat van My af weggedwaal het agter hulle drekgode aan, hulle moet hul ongeregtheid dra:

Esegiël 44:11 hulle moet dienaars wees in my heiligdom, as wagte by die poorte van die huis en bedienaars van die huis; hulle moet die brandoffer en die slagoffer vir die volk slag en voor hulle staan om hulle te dien.

Esegiël 44:12 Omdat hulle hul gedien het voor hulle drekgode en vir die huis van Israel 'n struikelblok tot ongeregtheid was, daarom het Ek my hand teen hulle opgehef, spreek die Here HERE, sodat hulle hul ongeregtheid moet dra.

Esegiël 44:13 En hulle mag nie nader kom na My toe om die priesteramp vir My te bedien nie en om nader te kom na al my heilige gawes, na die hoogheilige gawes nie; maar hulle moet hul skande dra en hul gruwels wat hulle bedryf het.

Esegiël 44:14 Dus sal Ek hulle aanstel om die diens van die huis waar te neem, vir die hele bediening daarvan en vir alles wat daarin gedoen moet word.

Esegiël 44:15 Maar die Levitiese priesters, die kinders van Sadok, wat die diens van my heiligdom waargeneem het toe die kinders van Israel van My af weggedwaal het, hulle moet na My toe nader kom om My te dien en voor my aangesig staan om aan My die vet en die bloed te offer, spreek die Here HERE.

Esegiël 44:16 Hulle moet in my heiligdom ingaan, en hulle moet na my tafel toe nader kom om My te dien en my diens waarneem.

Slot

Hierdie is 'n oproep tot terugkeer na die Here en Sy Woord. As u ernstig is oor die Woord van die Here neem ek aan dat u sal kan sien wat ek hier probeer uitwys en wat ek poog om as remediëring aan te dui. Die Trojaanse Perd is voorberei deur die Duiwel en sy trawante. Of sekere mense nou willens en wetens saamwerk of maar net mislei is, weet ek nie. Hulle sal egter die gevolge daarvan dra, al ontken hulle dit! Die Trojaanse Perd beter verbrand word buite die laer, as ons nog kan! Die gees van Isébel is aan die werk soos in Openbaring aangedui.

Die gelowiges het slegs 'n mandaat in hierdie land as hulle getrou aan God bly en luister vir die wat waarlik soos die seuns van Sadok getrou gebly het aan die Here. Dit sal maar min wees so vergeet maar by voorbaat van die kragtige "mega-kerke". Wat dink u het in hierdie wonderlike land van ons gebeur?



Danie Strydom
Leefstylafrigter

web: www.lifestyleC.com
e-Pos: daniestrydom@lifestyleC.com

My oproep is aan wit en swart mense wat gelowig is en graag 'n verandering terug na die Here in ons land sal wil sien. Hoe meer mense hul waarlik na God keer hoe beter sal dit met ons almal gaan. Die Hervormde Kerk kan nie eers erken dat apartheid sonde was nie! Dit met 'n belydenis van "Sola Scriptura". Hoe wil hulle dan vorentoe gaan en werklik help om die balans tussen die teorie en die praktyk te stabiliseer? Dit as die teorie nie eers reg is nie! Kom ons maak seker dat ons teorie reg is deur te bly by die Woord van die Here en nie by allerhande lering van mense nie!

Danie Strydom

Sel: 082 779 2431 / Faks: 086 537 7777 / E-pos: daniestrydom@lifestylec.com / Web: <http://www.lifestylec.com>